OOSHOEK-VENNOTE IN AKSIE
NUUSBRIEF 9 FEBRUARIE 2018

Die afgelope twee weke was baie geseënd in Ooshoek. Behalwe die gewone gemeentelike aktiwiteite, het ons laerskoolkinders die uitstappie na Estoire baie geniet, oom Karolus en Lente was ‘n groot treffer - dankie aan NG Estoire vir hierdie uitnodiging.

Die afgelope week is ‘n BCC-vergadering gehou waar die begroting goedgekeur is. Daar is onder meer besluit om vir sekere diensleiers ‘n maandelikse honorarium te betaal. Inkomste hiervoor sal kom uit die verkoop van klere, klasgelde van diegene wat die werksklas bywoon, asook donasies wat ontvang word.

Baie dankie aan almal wat skenkings vir Ooshoek en die *Community Centre* gemaak het:

- Aartappels - Torings van Hoop
- Klere - *Milo* van Welkom
- Petrolgeld (R1000pm) - Vanstadensrus
- Materiaal - NGK Pelissier, NGK Estoire
- Kruideniersware - Donateur
- Mieliemeel - *Milo*
- Uie - gemeentelid

Ons benodig op die oomblik ‘n paar goedjies om die werk hier beter te maak. As iemand dalk kan help, al is dit met gebruikte items, sal ons dit baie waardeer:

- ‘n Kruiwa
- Plastiek tafeltjie en stoeltjies vir die speelgroep
- Gordynrelings: 3 x 2m vir die speelgroep se klassie
- DVD-speler vir die speelgroepie
- Die werksklas gebruik ook ou verfdromme, as iemand dalk het
- Spons: heel of *chips*

Die afgelope week het die gemeente en gemeenskap weer geleentheid gehad om inkopies te doen by “Kom-help-jouself”.

Ons sien daarna uit om julle op 22 Februarie 2018 vir die Vennote in Aksievergadering by Ooshoek te ontvang. Die verrigtinge sal om 10:00 begin en tot 12:00 duur, waarna ons na gemeentelede sal vertrek vir middagete. Ons hoop om so teen 14h00 klaar te wees. Bevestig asseblief jou teenwoordigheid by:

Alet 082 410 8341

Marelize 082 554 6697

Pikkie 082 335 4433